Oorhoofse bestuurstelsel – Helderberg Gemeente
(Werkdokument – Februarie 2009)

Die kerk van Jesus Christus is die gemeenskap van gelowiges wat deur die Woord van God en deur sy Gees byeengeroep word. Die gemeente staan op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God en die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely. Hierdie leer staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid – die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en Dordtse leerreëls (Kerkorde 2004 Art 1). Helderberg Gemeente onderskryf ook die inhoud van die Belydenis van Belhar en wil graag ook ooreenkomstig dié belydenis handel (Indien dit enigsins binne hulle bevoegdheid was, sou die kerkraad dit as 'n volwaardige belydenisskrif naas die ander drie belydenisskrifte wou aanvaar). Alles wat ons dus binne die gemeente doen, doen ons vanuit die perspektief van God se Woord, God se roeping vir ons as gemeente, die belydenisskrifte en kerkorde – ook die bestuurstelsel van die gemeente word daardeur beïnvloed. Om gemeente van die Here te wees is vir ons veel meer as om net 'n effektiewe bestuurstelsel te hê. Ons wil graag 'n gestuurde (missionêre) gemeente wees waaronder ons verstaan dat ons in alles wat ons doen of is, gestuurdes van die Here is – ons is nie 'n gemeente ter wille van onsself nie, maar ter wille van die opdrag van die Here en die gemeenskap/wêreld waarheen God ons stuur.

Oorhoofse struktuur

Die oorhoofse struktuur kan skematies só voorgestel word: (Sien bylaag 1)

Die kerkraad

Die kerkraad vervul, saam met die gemeente, 'n geloofsonderskeidende rol en is primêr verantwoordelik om toe te sien dat:

- Die gemeente tot geloofsvolwassenheid, eenheid in ons geloof en ons kennis van die Seun van God begelei word (Ef 4);
- Die gelowiges versorg, toegerus en begelei word vir hulle diens/roeping binne die gemeente en gemeenskap as 7-dag Christene ooreenkomstig die gawes/opdrag wat hulle van God ontvang het (Ef 4).
- Om toe te sien dat die opsig oor, die regering (dus ook bestuur) van, en die tug in die gemeente funksioneer (Art 26).

Die Woord van God, ons gemeenteroeping die Belydenisskrifte en Kerkorde dien as grondslag vir alle debatte en besluite van die kerkraad, sowel as die werksaamhede en delegasies van die kerkraad. Dit bepaal ook die wyse waarop kerkraadslede met mekaar, met die gemeente en die gemeenskap in die breë omgaan (Artikels 21, 22, 23, 24 en 25).

Die kerkraad aanvaar volle verantwoordelikheid om, saam met die gemeente, met geloofsonderskeiding voortdurend na te dink oor en uitvoering te gee aan:

- Wat God wil hê wie ons moet wees;
- Na wie God ons stuur;
- Wat God wil hê ons moet doen;
- Die waardes wat ons wil vestig;
- Dit waarop ons in ons onderskeie bedieninge moet fokus;
- Beroeping van leraars, kerkraads- en bestuurspanlede

- Beoordeling van leraars se standaard van werksverrigting tov die volgende KPA's: Woordbediening, Presensie en Energering (Sien KPA's van leraars)
- Regshandelinge namens die gemeente
- Die vestiging van 'n oorhoofse bedieningstruktuur en ondersteuningsisteem (leiding, beplanning, koördinering, organisering en kontrole) sodat bogenoemde verwesenlik kan word.

Elke gemeente van die NG Kerk in SA is as outonome regspersoon onafhanklik van sy lidmate, eienaar en reghebbende van en ten opsigte van sy bates, roerend en onroerend, tasbaar en onaantasbaar (Regl 9:1.1 NG Kerk in SA). Die kerkraad beheer en beskik namens die gemeente (Regl 9:1.3 NG Kerk in SA).

Ten einde bogenoemde rol doeltreffend te vervul, sal die kerkraad gesag op 'n verantwoordelike wyse met duidelike omskrywing delegeer, riglyne vir besluitneming opstel en kontrole en beheermeganismes in werking stel (Bep 25). Die kerkraad kan dus sekere take delegeer, maar bly steeds aanspreeklik vir wat gedelegeer is. Daarom is dit van wesenlike belang dat behoorlike verslaggewing aan die kerkraad gedoen word.

Die kerkraad delegeer met verslaggewing sekere take en verantwoordelikhede aan die

- Bestuurspan
- Dagbestuur van die kerkraad
- Taakspanne

Samestelling van die kerkraad

Die kerkraad bestaan uit 'n minimum van 15 lede, naamlik 5 leraars, 5 ouderlinge en 5 diakens. Die ouderlinge en diakens word uit die lidmate van die gemeente vir 'n dienstermyn van drie jaar verkies.

Die kerkraad kies jaarliks (November) 'n voorsitter uit die ouderlinge (Art 28.2) en 'n ondervoorsitter uit die lede (die leraars is nie beskikbaar nie).

Verkiesing van die kerkraad

'n Vakature op die kerkraad ontstaan wanneer 'n kerkraadslid bedank of sy/haar dienstermyn verstryk het. Die bedanking of verstryking word verkieslik eers van krag wanneer die vakature deur die voorstelling van 'n bepaalde kerkraadslid gevul is.

Nadat 'n kerkraadslid drie opeenvolgende termyne gedien het, word die persoon, tensy daar dwingende redes is, nie herkies vir 'n vierde termyn nie. Die ring of ringskommissie kan vrystelling van hierdie bepaling gee.

Die kerkraad kies jaarliks (Oktober) kerkraadslede uit die kandidate wat deur die pre-advies taakgroep aan die kerkraad voorgelê word.

Wanneer nominasies deur 'n kerkraadslid voorgelê word, word dit verkieslik eers na die pre-advies taakgroep verwys voordat die nominasie deur die kerkraad aanvaar word.

Na die verkiesing van 'n kerkraadslid word sonder tydsversuim aan die verkosene kennis gegee.

Verkosenes se name word op die twee agtereenvolgende Sondae na die verkiesing aan die gemeente vir approbasie en voorbidding bekend gemaak.

Die Bestuurspan

Die bestuurspan is aan die kerkraad verantwoordelik vir die koördinering van die bestuursprosesse binne die gemeente.

Die bestuurspan bestaan ’n voorsitter, al die bedieningsleiers, die taakspanleier van rentmeesterskap en die leraar vir koördinering. Die voorsitter, onder-voorsitter van die kerkraad en leierleraar is ex officio lid van die bestuurspan.

Die bedieningsleier word deur die bestuur van elke bediening aangewys en deur die kerkraad vir ’n termyn van drie jaar as geestelike leier (ouderling/diaken) gekies. Nadat 'n bedieningsleier drie opeenvolgende termyne gedien het, word die persoon, tensy daar dwingende redes is, nie herkies vir 'n vierde termyn nie. Die ring of ringskommissie kan vrystelling van hierdie bepaling gee. Die voorsitter word deur die bestuurspan aangewys en deur die kerkraad vir ’n termyn van drie jaar as geestelike leier gekies.

Die bestuurspan is verantwoordelik vir:

- Bepaling van oorhoofse bedieningsplanne, doelwitte en –uitkomste gegewe die roeping van die gemeente
- Gereelde meting en terugvoer van doelwitte en uitkomste
- Daarstelling van steundienste en fasiliteite om die onderskeie bedieninge te help slaag in hul opdrag/roeping.
- Beoordeling van personeel in samewerking met die Taakgroep vir Diensverhoudinge (Helderberg Uitreik se personeel uitgesluit) se standaard van werksverrigting.

Die Bedieninge

Die kerkraad en bestuurspan verstaan dat hulle in die beliggaming van dit waartoe God ons roep, fokus op die volgende bedieninge: Aanbidding (Fokus op God); Onderlinge Sorg (Fokus op mekaar); Uitreik (Fokus op nood van mense en die wêreld, Opbou (toerusting van lidmate), Familie en jeug (Fokus op verhoudinge binne die gesin/familie, kinders en jongmense).

Die bestuurspan is verantwoordelik om toe te sien dat elke bediening ’n duidelike opdrag, in lyn met die opdrag van God aan die gemeente, vir die bedieningspan geformuleer het.

Elke bediening het’n bedieningspan van ten minste 5 lede van die gemeente. Die name van die bedieningslede en wysigings in die samestelling van die span word aan die bestuurspan vir kennisname voorgelê.

Elke bedieningspan wys ’n bedieningsleier (voorsitter/sameroeper) vir ’n termyn van drie jaar aan wat weer vir een termyn herkies kan word. Die bedieningsleier word as geestelike leier (ouderling/diaken) bevestig.

Die leier van die bediening, wat ’n lidmaat van die gemeente is, neem met behulp van die bedieningspan die verantwoordelikheid vir die betrokke bediening se opdrag binne die gemeente.

Die Bedieningsleier

Die bedieningsleier se verantwoordelikheid is:

- Om toe te sien dat die bediening hul opdrag verstaan en binne die opdrag doelwitte en strategieë vir die bediening bepaal en uitvoer.
- Om maandeliks met die bedieningspan te vergader en die notule aan die bestuurspan te stuur.
- Om te sorg dat elke lid van die bediening sy/haar roeping/taak verstaan.
- Om saam met die geestelike begeleier wat aan die bediening toevertrou is, toe te sien dat die bediening teologies begrond is binne ons teologiese raamwerk en verstaan van wie ons in die Here is en die opdrag wat ons as gemeente van Hom ontvang het.
- Vergader maandeliks saam met die bestuurspan wat die prosesse binne die gemeente koördineer en gee verslag aan die bestuurspan.
- Die bedieningsleier staan onder toesig van die bestuurspan.
- Beoordeling van die leraar, wat aan die bediening toegewys is, se standaard van werksverrigting tov geestelike begeleiding. Hy/sy doen dit in samewerking met die leierleraar.
- Om 'n leier of leiers binne die bediening te identifiseer en toe te rus wat by hom/haar kan oorneem wanneer hy/sy nie meer beskikbaar is nie.

Die Dagbestuur van die kerkraad

Die dagbestuur van die kerkraad bestaan uit die voorsitter en onder-voorsitter van die kerkraad, asook die leierleraar. Die dagbestuur vergader ten minste 1x per maand voor 'n kerkraadsvergadering.

Die dagbestuur is verantwoordelik vir:

- Die opstelling van die agenda vir die kerkraad.
- Die hantering van alle spoedeisende sake en korrespondensie aan die kerkraad, met verslag aan die kerkraad.
- Sien toe dat die besluite/opdragte van die kerkraad uitgevoer word.
- Tree ook as pre-advies, met die reg tot koöptering, op vir die verkiesing van kerkraadslede wat behels:
    - Om potensiële geestelike leiers wat tot die kerkraad verkies kan word, te identifiseer deur gesprekke met die kerkraad, onderskeie bedieninge en gemeentelede
    - 'n Geleentheid aan die gemeentelede te bied om lidmate vir die kerkraad te nomineer
    - Name van potensiële geestelike leiers aan die kerkraad voor te lê wanneer vakatures ontstaan
    - Gesprekke met potensiële geestelike leiers te voer, indien nodig.

Aanspreeklikheid, leierskap en geestelike begeleiding

As gemeenskap van gelowiges glo en bely ons dat ons niks anders is as die liggaam van Christus nie en bely ons ook verder dat al die dienswerk in sy kerk deur Christus self deur die werking van die Heilige Gees verrig word (Art 3). Christus doen dit deur die dienswerk van al die gelowiges en deur die drie besondere ampte (geestelike leiers) – bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens. Juis omdat ons die fokus wil plaas op Christus wat sy kerk regeer, bely ons saam met die

Kerkorde (Art 3.2) dat die drie besondere ampte, asook die amp van gelowige, gelykwaardig is, maar wel in opdrag en werk onderskei kan word. Ons bely ook saam met die NGB (Art 31): "Wat die bedienaars van die Woord betref: Hulle het, op watter plek hulle ook mag wees, één mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Christus is . . ." Waar iemand wel as voorganger optree, word daardie rol verstaan as *"primus inter pares"*, dws "eerste onder gelykes".

Geestelike leierskap beteken vir Helderberg Gemeente om as dienende leiers aanspreeklikheid vir sekere verantwoordelikhede te neem met die woorde van ons Here Jesus Christus in Matt 20:25-28 as riglyn: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik. [26]Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; [27]en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees. [28]So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."

Met geestelike leierskap verstaan ons ook dat die alle geestelike leiers ook die rol van 'n geestelike begeleier (spiritual director) het. Belangrike uitgangspunte van geestelike begeiding is:

- God is aktief werksaam in die wêreld (*Missio Dei*). God is deurlopend besig om 'n wêreld te skep en herskep wat geloofwaardig en betroubaar is, en God nooi ons as gemeente om aan hierdie Missio Dei deel te neem. Hieruit hoor ons ons roeping van die Here.
- Die eerste grondhouding van geestelike begeleiers is heilige respek. Ons is op heilige grond en moet dit nie vir 'n oomblik vergeet nie; die gemeente waaroor ons praat is die terrein van God se werksaamheid. Daarom moet ons ook oop wees vir die onverwagte en onbeplande.
- Die tweede grondhouding van 'n geestelike begeleier is gehoorsaamheid. Ons moet altyd bereid wees om ons eie planne op te skort indien God elders lei. Dit geld nog meer vir ons as kerkraad, omdat ons tegelykertyd geestelike begeleier en deel van die gemeente is.
- Geestelike begeleiers probeer mense lei om groter belangstelling te ontwikkel in God as in hulself en 'n lewe van Christelike integriteit te lei deur eerbied en ontsag vir God te hê.
- Ons is nie uitgelewer aan raaiwerk om raak te sien wat God aan die doen is nie. Daar is wysheid wat oor die eeue heen versamel is wat ons hiermee help. Die Bybel is vir ons hierin van onskatbare waarde.
- Die allerdaagse, die 'onbelangrike' en die klein dingetjies verdien net soveel aandag as die uitsonderlike, die 'belangrike' en die opspraakwekkende.
- Elke mens/gemeente is uniek. 'n Mens kan nie klaargemaakte antwoorde van elders klakkeloos op ander mense/gemeentes afdwing nie. Wat vir een persoon/gemeente 'n goeie ding is, mag dalk net vir 'n ander persoon/gemeente die slegste denkbare ding wees.
- 'n Geloofsbegeleier is 'n byspeler in die drama, hoewel sy/hy 'n belangrike rol speel. Die persoon/gemeente self en God is die hoofspelers. Die persoon/gemeente is nie die geestelike begeleier se 'projek' en prestasie nie, maar God se eiendom, waarmee Hy 'n intens persoonlike pad loop.
- Een van die groot take van geestelike begeleiers is om dinge name te gee. Geloofsbegeleiers kyk dieper as die oppervlakte van dinge wat gebeur het en sit hulle vinger op die diepste motief waarmee iets gedoen word, die werklike

bron van die emosies wat opgewel het, die diepste aard van die daad wat gedoen is. Deur dinge hulle regte name te gee, stroop geestelike begeleiers mense/gemeentes van die rookskerms, rasionalisasies, selfmisleiding, verskonings en ander meganismes waarmee hulle dit moontlik maak om in 'n ander rigting te volhard as die waarop God hulle wil neem.

- Geestelike begeleiers help mense/gemeentes om hulle stories op verrassende maniere anders te vertel. Hulle help mense om God se bepalende plek in hulle stories raak te sien en hulle stories as evangelie-stories te verstaan.

Geestelike leiding/begeleiding is:

- Om na mense se stories te luister en hulle te help om sin daarvan te maak in die lig van God se optrede. As geestelike begeleiers behoort ons van vergadering tot vergadering die storie van die afgelope maand te fynkam vir God se werksaamheid en daarvan sin probeer maak op so 'n wyse dat dit rigting gee vir die toekoms.
- Tyd saam in die Woord is 'n belangrike element van 'n alle vergaderings. Die 'wandel in die Woord'-oefening is 'n sentrale aktiwiteit van enige vergadering in die gemeente.
- Gebed vir die gemeente raak nou ook 'n sentrale saak. Daardeur bevestig en versterk ons ons geloof in die aktiewe betrokkenheid van God by die gemeente.
- Om 'n prentjie van waarheen God met ons oppad is, duidelik in woord en daad uit te spel.
- Om 'n milieu te skep waarbinne die energie, entoesiasme, gawes en roeping van die lidmate erken word en hulle begelei word om dit binne die gemeente en gemeenskap uit te leef.

Waardes

Geestelike leiers verbind hulself aan die volgende waardes:

- Ons wil Christus navolg deur 'n styl van diensbaarheid
- Ons maak 'n keuse vir spanleierskap
- Ons vertrou mekaar
- Ons is eerlik, opreg en openhartig met mekaar
- Ons help mekaar met ons roeping
- Ons het waardering vir mekaar se unieke rol en bydrae
- Ons gee vir mekaar ruimte om te verskil
- Ons is vriendelik, informeel en toeganklik
- Ons verhouding met mekaar is meer as net 'n werksverhouding
- Ons modelleer koinonia deur 'n geloofsgemeenskap in die kleine te wees
- Ons help mekaar met:
    - ons verhouding met God
    - balans tussen werk, gesin en persoonlike versorging
- Ons verbintenis aan God maak dat uitnemendheid en eenvoud vir ons belangrik is
- Ons maak erns met die Bybel en gebed in ons besluitnemingsprosesse
- Gesamentlike Bybelstudie en gebed is vir ons belangrik
- Die gemeentevisie bepaal ons funksionering
- Ons help mekaar om ons tyd effektief te benut

- Ons is betroubaar

Voorsitter en ondervoorsitter van die kerkraad

Die voorsitter is die leier van die kerkraad en die onder-voorsitter ondersteun hom/haar in dié verantwoordelikheid. Die onder-voorsitter tree op as voorsitter wanneer die voorsitter nie beskikbaar is nie. Die verantwoordelikheid van die voorsitter behels:

- Voorsitter van die kerkraadsvergaderings
- Voorsitter van die dagbestuur van die kerkraad
- Voorsitter van 'n gemeentebyeenkoms
- Treë soms as kontak- en/of as segspersoon vir die kerkraad/gemeente op.

Die rol van die leraars

Die rol van die leraars is dié van 'n geestelike begeleier ("coach") en behels die volgende (KPA's):

- Woordbediening
    - Om mense d.m.v. prediking, Bybelstudie, pastorale gesprekke, ens. te help om op God te fokus en te leef vanuit die werklikheid van die opgestane, lewende Here.
    - Om mense te begelei in hul hantering van die Woord op so 'n wyse dat dit hul menswees vorm en bepaal.
    - Om hom-/haarself deurlopend te bly skool in die Woord.
- Geestelike begeleiding
    - Om die pad van geloofsonderskeiding wat die kerkraad en die gemeente loop aan die bediening te kommunikeer en die pad wat die bediening met geloofsonderskeiding loop aan die kerkraad te kommunikeer.
    - Om toe te sien dat die bediening teologies begrond is binne ons teologiese raamwerk en verstaan van wie ons in die Here is en die opdrag wat ons as gemeente van Hom ontvang het.
    - Om 'n geestelike ontdekkingspad saam met die leier van die bediening te loop oor hul gedeelde en afsonderlike roeping in terme van die gemeente se roeping; en saam te droom oor die bediening voorentoe.
    - Om toe te sien dat die bedieningspan mekaar geestelik versorg en begelei om as dissipels van die Here te leef.
    - Om ander aan die bediening bekend te stel, te inspireer en te begelei om by die bediening betrokke te raak.
    - Om hom-/haarself op 'n gereelde basis bloot te stel aan 'n geestelike mentor(s) wat hom/haar help op 'n pad van geloofsonderskeiding.
- Presensie: By God en by mense
    - Om deel te wees van (om werklik deel van die groter geheel – gemeente en gemeenskap - te word).
    - Om dáár te wees by (om my lewe te deel met die mense wat ek begelei).
    - Om lief te wees vir die mense wat ek begelei en wat die Here oor my pad stuur.
    - Om entoesiasties te wees oor dit wat die Here in en deur mense kan doen.

    - Om hom-/haarself deur die beoefening van geestelike dissiplines hom-/haarself voortdurend bloot te stel aan die inwerking van God.
- Enegering
    - Om die rykdom van mense met hul gawes, kennis, vaardighede en toewyding raak te sien en te ontsluit sodat hulle hulself beskikbaar stel vir die koninkryk van God.
    - Om mense te versorg, te inspireer, te mobilisering, toe te rus en te begeleiding om as 7-dag Christene te leef.
    - Om mense te help in die verstaan van hul gestuurdheid.
    - Om tye, roetines en dissiplines te handhaaf waartydens sy/haar fokus en energie vir die bediening in die gemeente opgeskerp en hernu kan word.

Elke leraar word as 'n geestelike begeleier aan 'n bepaalde bediening toegewys en sy/haar pligstaat word in terme van bogenoemde KPA's opgestel.

Die leraars staan onder toesig van die kerkraad

Leierleraar

Leierleraarskap is ook 'n bediening binne die gemeente. Soos die kerkraad 'n lidmaat aanwys om leier van 'n bepaade bediening te wees, wys die kerkraad ook 'n leraar aan vir die bediening as leierleraar met die volgende mandaat:

- Leier van die leraarspan wat verantwoordelikheid neem vir die reëling van die eredienste en preektemas in samewerking met die kerkraad
- Geestelike begeleier vir die kerkraad
- Visionering – die oorhoofse begeleiding van die kerkraad en gemeente tot gehoorsaamheid en die implimentering van dit waartoe en waarheen God ons roep/stuur.
- Tree op as skakeling-, kontak- en segspersoon vir die gemeente in oorleg met die voorsitter van die kerkraad by die kerkverband, ander kerke en organisasies.

Leraar vir Koördinering

Die kerkraad wys ook 'n leraar vir koördinering aan en sy/haar verantwoordelikheid is:

- Geestelike begeleier vir die bestuurspan.
- Koördineerder en geestelike begeleier van die steundienste

Leraarspan

Die leraarspan het geen besluitnemingsbevoegdheid nie. Hulle het wel 'n profetiese taak om teologies nuut te dink oor gemeentewees en om 'n dinkskrum te wees wat fyn luister na God oor die wese van gemeentewees en die gemeenskap. Hulle het ook 'n priesterlike taak deur verantwoordelikheid vir die geestelike versorging en toerusting van mekaar te neem. Verder is hulle ook verantwoordelik vir die koördinering van hul werksaamhede.

Gemeentebyeenkomste

Die kerkraad reël ’n gemeentebyeenkoms wanneer hulle graag die gemeente wil deel maak van ’n bepaalde besluitnemingsproses, om bepaalde inligting deur te gee of ’n gesprek rondom ’n bepaalde saak wil aanmoedig.